Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 3 September 1952. Prys 3d. Nr. 40.

# REPUBLIEK AL UITWEG NOU UIT KRISIS

**Die uitspraak van die Hooggeregshof onderstreep die onhoudbare posisie waarin die regering al dieper en dieper verwikkeld raak ten aansien van sy kleurwetgewing. Welwillende ondersteuners van die regering beskryf self al die posisie as 'n gemors.**

**Toe die regering van dr. Malan aan bewind gekom het en aangekondig het dat hy die republiek op die agtergrond gaan skuif en die Kleurkwessie op die voorgrond, het die Ossewabrandwag gewaarsku dat dit verkeerd is; dat die kar voor die perd gespan word. Die O.B. het die regering aangeraai om eers die republiek tot stand te bring op grondslag van 'n nuwe republikeinse grondwet en om daarna die kleurkwessie aan te pak.**

Na hierdie goeie raad wou die regering nie luister nie. Hy wou Engelse stemme vang met sy kleurbeleid en hierdie Engelse stemme wou hy nie met 'n republiek afskrik nie.

### TAKTIEK MISLUK

Hierdie „taktiek" van die regering het geblyk 'n hopelose mislukking te wees. **Instede dat hy Engelse stemme gevang het met sy kleurbeleid het hy duisende Engelse stemme verloor as gevolg van die sogenaamde „onkonstitusionele optrede" wat die regering met sy kleurwetgewing gepaar het. Dit het selfs gelei tot die stigting van die Torch Commando waarin mak en wilde Engelse saamgesnoer is en tot stryd teen die Afrikaners (en by name die regering) besiel is.**

En gepaard hiermee verklaar die howe van die land die regering se kleurwetgewing en konsliderende wetgewing onwettig en van nul en gener waarde.

### UITSPRAAK TEEN REGERING

Drie regters van die Kaapse Hooggeregshof het verlede Vrydag uitspraak gegee dat die Wet op die Hoë Hof van die Parlement ongeldig is, van nul en gener waarde is, en nie die krag van 'n wet besit nie. Hulle is regterpresident J. E. de Villiers, regter C. Newton Thompson en regter G. Steyn.

Die regering se prokureurs het kennis van appèl na die Appèlhof in Bloemfontein gegee.

Dieselfde Kleurlingkiesers wat 'n suksesvolle aansoek by die Appèlhof gedoen het dat die Wet op die Verteenwoordiging van Kleurlinge ongeldig verklaar moet word, het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om die Wet op die Hoë Hof van die Parlement insgelyks onwettig te verklaar.

Hulle aansoek het geslaag.

### WAT NOU?

Wat staan die regering nou te doen?

**Indien die regering konstitusioneel en wettig wil handel, het hy net een uitweg: Hy moet die raad van die Ossewabrandwag aanvaar en eers 'n republiek uitroep.**

Die konstitusionele posisie is dat die parlement, met 'n gewone meerderheid in die Volksraad en in die Senaat die reg het om Haar Majesteit se Suid-Afrikaanse Koninkryk om te skep in die Republiek van Suid-Afrika. Die reg het die parlement. Trouens, niemand minder as dr. Malan het in 1949 in die Volksraad verklaar dat die Empire-konferensie van eerste ministers van die Statebondslande wat hy in Londen bygewoon het, dié reg weer bevestig het.

**Die regering moet eenvoudig van dié reg gebruik maak en 'n republiek uitroep.**

### NUWE GRONDWET

**Sodra Suid-Afrika 'n republiek word verdwyn die Koningskap en verval die Koningin as**

(Vervolg op bladsy 4, kolom 1)

# O.B.'S STEM NOU ALMAL WEER SAAM OOR BELEID

**„Die pad is deur die Laertrek in Bloemfontein nou oopgemaak vir republikeine in die Nasionale Party om hul gewig by die Ossewabrandwag in te werp in die stryd om 'n republiek met 'n volkseie regeringstelsel. Waar daar baie Afrikaners was wat weens die sogenaamde militêre organisasievorm nie by die beweging wou aansluit nie, en die poste kommandant-generaal en adjunk-kommandant-generaal op voorstel van myself nou verval het, kan hulle nou soveel geredeliker hul kragte by ons inwerp," het mnr. J. A. Smith verlede Donderdag op Goodwood gesê toe hy sy waarnemende leierskap formeel neergelê het voor 'n vol saal geesdriftige offisiere. Die Suidelike beheerraadsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl, was ook teenwoordig om verslag te doen van die verrigtings van die Laertrek en Grootraad.**

**Mnr. Smith het gesê dat alle O.B.'s nou weer saamstem oor die partylose republikeinse beleid van die Ossewabrandwag en dat met die omskepping van Die O.B.-blad tot die republikeinse mondstuk van die Afrikanerdom, die brug nou geslaan word na 'n meer omvattende republikeinse beweging.**

**Dit beteken nie dat ons met ons mede-Afrikaners in die Nasionale Party wil baklei, soos die afgetrede leier ons beskuldig het nie, maar dat waar die politieke party weens partypolitieke oorwegings dikwels gedwing word om 'n beleid uit te voer of te verkondig wat strydig is met die republikeinse rigting soos ten opsigte van ekonomiese en militêre vaskoppeling aan Brittanje, daar kan die Ossewabrandwag as ongebonde beweging die suiwere koers verkondig en die voorbereidingswerk doen vir die koms van die republiek.**

Die vergadering is met gebed geopen deur mnr. Hennie du Toit en is gelei deur mnr. J. de Villiers Truter, wat die Laertrek beskryf het as „die grootste triomf van die Ossewabrandwag." Onder leiding van mnr. S. Harris is verskillende liedere gesing. Op die verhoog was ook die Gebiedsvrou, mev. C. Lombard.

Dr. F. D. du Toit van Zyl, Suidelike Beheeraadsleier, was eerste aan die woord en het volledige verslag gedoen van die toestand waarin die Ossewabrandwag hom sedert 1941 bevind het tot op die jongste laertrek. In verband met die geskil met dr. Van Rensburg oor beleid het spr. gesê dat die Grootraad verlede jaar eersgenoemde se houding in verband met eenwording goedgekeur het, aangesien die O.B. hom steeds ten gunste van eenwording van die nasionale politieke partye uitgespreek het, maar terselfdertyd is eenparig besluit dat die O.B. voortgaan op sy eie pad.

### A.K.G.

Toe dr. Van Rensburg bedank, het die adjunk-K.G., mnr. J. A. Smith, die leiding met groot huiwering aanvaar, maar hy het met die grootste getrouheid sy pligte uitgevoer en 'n reorganisasie beveel soos deur die konstitusie voorgeskryf, volgens besluit van die Laertrek van 1950. In die Noorde het baie nie daaraan voldoen nie, maar nietemin na die Laertrek gekom en sitting geëis. Spr. wou nie dat hulle in vyandskap daar uiteen gaan nie, en hy het 'n uitweg probeer vind. Die grootste gros mense voel dan ook innerlik verlig dat daar so 'n uitweg gevind is. En wat meer is, almal wat daar was is verantwoordelik vir wat in die toekoms gaan voortvloei uit die besluite.

Waar dr. Van Rensburg nie meer verder met ons kon saamgaan nie, wil ons nou liewer onthou wat hy vir die O.B. in die verlede gedoen het. Hy het 'n wonderlike stryd gevoer. Ons het alle republikeine nodig en spr. hoop dat die besluite wat daar geneem is, daartoe sal lei dat ons almal mekaar weer voor op die pad sal vind.

### DEUR OOP

**Mnr. Smith het gesê dat al die skommelinge wat in die afgelope maande plaasgevind het daartoe gelei het dat die pad nou oopgemaak is. Waar ander welwillende mense beswaar gemaak het teen die militêre organisasie van die O.B. en dus uitgesluit was om saam te werk in die republikeinse rigting, kan hulle dit nou doen, aangesien die K.G.- en A.K.G.-skap nou afgeskaf is.** Spr. was persoonlik verantwoordelik vir daardie besluit van die Grootraad wat die volgende dag met enkele aanpassings deur die uitgebreide Laertrek eenparig aanvaar is. Weens verwarrende berigte in die pers is spr. verplig om op 'n juiste weergawe te gee van die gebeure.

„Die koerante het die indruk probeer skep dat daar twee strydende groepe binne die Grootraad en Laertrek was van wie sommige — en dit nogal die meerderheid — by wyse van protes „uitgestap" het. **Dit is ver van die waarheid. Daar was twee groepe, maar die verskil het nie in standpunte gelê nie, maar in wettigheid van sitting. 'n Groot deel van die mense wat na die Grootraad en Laertrek opgekom het, veral uit die noordelike gebiede, het geen reg van sitting gehad nie, maar het onder leiding van dr. Van Rensburg aangedring om toegelaat te word.** Voor die Grootraad begin het, het spr. 'n uiteensetting gegee van die O.B. se posisie na aanleiding van die reorganisasie wat op sy bevel uitgevoer moes gewees het, en aangetoon dat 'n groot deel van die land nie betyds uitvoering aan daardie reorganisasiebevel gegee het nie ondanks die feit dat die datum met 'n maand verleng is. **Gevolglik kon slegs 'n deel van die offisiere tot die sitting toegelaat word.**

### VOORSITTER SE REëLING

Die voorsitter het verklaar dat hy net diegene kan toelaat wie se name op die lys verskyn,



MNR. J. A. SMITH

dit wil sê diegene wat geloofsbriewe besit het. Hierteen het 'n groep daar teenwoordig beswaar gemaak en aangedring dat hulle erken moes word hoewel hulle nie aan die vereistes voldoen nie. Dr. Van Rensburg het hom met hulle vereenselwig, en toe die voorsitter reël dat hulle die saal moet verlaat, het dr. Van Rensburg saam met hulle uitgestap. Die Grootraad het daarop sy sitting begin en die bedanking van dr. Van Rensburg behandel. Wat die toekoms betref het spr. self 'n voorstel ingedien dat die K.G.- en A.K.G.-skap afgeskaf en die gesag van die organisasie oorgedra word aan 'n verkleinde Grootraad, met opdrag om die O.B.-doelstellings kragtig te bevorder.

Hierdie voorstelle is deur die Grootraad na die Laertrek verwys vir bevestiging, maar toe die Laertrek die volgende dag moes begin, was daar nog meer mense sonder reg van sitting in die saal aanwesig as die vorige dag op die Grootraad. Nadat die voorsitter verduidelik het dat hy slegs diegene kon toelaat wat in besit van geloofsbriewe was, het dr. Van Rensburg beswaar gemaak en versoek dat hy die redes vir sy bedanking aan almal teenwoordig voorlê. Die voorsitter het ingewillig dat hy dit doen, maar beklemtoon dat dit dan nie die offisiële Laertrek is nie. Daarop het dr. Van Rensburg sy toespraak gehou.

### TERUG NA PARTY

Dr. Van Rensburg het gesê dat hy dit as sy taak beskou om die O.B. weer terug te lei na die partypolitiek omdat hulle dan terug sal wees in die boesem van hulle volk. Hy het die O.B.-blad beskuldig dat hy nie hierdie leiding aanvaar het nie, maar voortgegaan het om die Nasionale Party en die partystelsel aan te val.

Dr. Van Zyl het hierop geantwoord en gesê dat die blad maar net die leiding volg wat dr. Van Rensburg al die jare self gegee het. Hy het ons geleer om ons rug op die partypolitiek te draai en vir die partylose republiek te stry. **Vandag volg ons nog daardie leiding, en hy kan ons nie kwalik neem nie, want ons glo wat hy vir ons gesê het.** Die beskuldigings wat hy teen die blad inbring, is presies dieselfde wat dr. Malan altyd teen hom (dr. Van Rensburg) ingebring het.

Wat die blad betref het dr. Van Zyl daarop gewys dat dit dr. Van Rensburg se plig was om toe daar verskille opgeduik het, in die eerste instansie 'n direksievergadering byeen te roep om die saak in kamera te skik. Dr. Van Rensburg het self op die direksie gesit, maar in plaas van dit te doen het hy die blad in die openbaar gaan aanval.

### LAERTREK GEOPEN

Na die teepouse het die aanwesiges wat nie reg op sitting gehad het nie, op versoek van die voorsitter die saal verlaat waarna die amptelike Laertrek geopen is. **Onmiddellik daarna het mnr. Kalie Behrens gevra dat die besluite wat die Grootraad aan die Laertrek vir goedkeuring wil voorlê deur al die aanwesiges aanvaar moet word, met ander woorde, dat diegene wat buite was toegelaat moes word om ook daaraan deel te neem.** Die verrigtinge is daarop deur die voorsitter vir enkele minute opgeskort ten einde die leiers geleentheid te gee om eenstemmigheid te bereik. **Na hervatting van die sitting het die wettige Laertrek eenparig toegestem om die ander offisiere binne te laat op grondslag van die Grootraadsvoorstelle, soos aangepas. Laasgenoemdes is deur die hele Laertrek staande**

(Vervolg op bladsy 4 kolom 4)

DIE O.B., WOENSDAG, 3 SEPTEMBER 1952

# J. A. SMITH

By geleentheid van 'n offisiersaamtrek op Goodwood verlede Donderdag het mnr. J. A. Smith, wat waargeneem het as leier van die Ossewabrandwag sedert die bedanking van dr. Van Rensburg vroeër in die jaar, formeel sy waarnemende leierskap neergelê nadat hy self die voorstel by die Grootraad ingedien het dat die poste kommandant-generaal en adjunk-kommandant-generaal afgeskaf moet word. Die Grootraad het hom dadelik gekies as lid van die verkleinde nuwe Grootraad waarvan prof. D. J. van Rooy die voorsitter sou wees. Toe die verrigtinge op die Laertrek die volgende dag die onverwagte en blye wending neem, het mnr. Smith dadelik aangebied om terug te staan ten einde die beheerraadsleier van die Noorde 'n plek op die raad te gee. Hierdie stap was in ooreenstemming met die selfverloënende houding wat hy dwarsdeur die maande van krisis binne die Ossewabrandwag ingeneem het. Dit was vir hom prakties byna onmoontlik om die leiding op hom te neem toe die voorsitter hom daarmee belas het, maar toe hy dit eenmaal aanvaar het, het hy met die vaste voorneme om sonder aansien van persoon volledig korrek te handel, die teuels oorgeneem. In hierdie gees het hy twee maal na die Noorde gery om die mense daar te beweeg om die reorganisasie uit te voer wat hulle sitting op die Grootraad en Laertrek sou gee. Toe hieraan nie betyds uitvoering gegee is nie weens agterdog en teenkanting, het hy die tydperk met nog 'n maand verleng, en van die Laertrek was uiteindelik selfs van sy trouste ondersteuners uitgesluit, sowel in Kaapland as die Noordelike provinsies.

**Tereg kon mnr. Smith dan ook Donderdagaand verklaar dat die verskil tussen diegene wat binne en buite die raadsaal was, nie in standpunt gelê het nie, soos die openbare pers wou voorgee, maar slegs in die feit van wettigheid of nie. Buite het ook talle van sy eie ondersteuners gestaan, wat in sommige gevalle weens vertraging van offisiere bokant hulle nie die nodige geloofsbriewe ontvang het nie.**

**Hoe sterk die aanwesiges by die Laertrek onder hierdie eerlike en ordelike optrede van die waarnemende leier gekom het, blyk uit die feit dat etlike van diegene wat hom die kwaaiste teengestaan het, ná die vergadering na hom gekom het — sommige snikkende — om hom van hul goeie gesindheid te verseker met die belofte dat hulle harder sal gaan werk as ooit voorheen.**

**STEEDS OP VOORPUNT**

Die warm Afrikanerhart het nog altyd met die grootste waardering aan 'n J. A. Smith gedink. Sy hele lewe was gekenmerk deur opofferende diens aan sy volk waarin hy maar net altyd gegee het sonder om ooit iets terug te verwag of te ontvang. Bo dit alles staan uit sy onwrikbare geloof aan die saak van sy volk. Op grond van hierdie geloof het hy as skoolseun gerebelleer teen sy vreemde koningin toe ouer Afrikaners in diens van daardie koningin die wapen teen hul republikeinse broers in die Transvaal en Vrystaat opgeneem het. Op grond van hierdie geloof was hy eerste om ná die Hertzog-krisis in 1912 te organiseer vir die Nasionale Party wat die vryheidstryd moes voortsit. Maar hy was ook van die eerste om uiteindelik die vrugteloosheid te besef van hierdie stryd solank ons met die vyand se wapens veg, en daarom het hy die Ossewabrandwag in Kaapland gestig. Selfs toe die beweging as gevolg van groot teenslae agteruit gegaan het, het J. A. Smith nie sy geloof verloor nie. Inteendeel sy geloof is nog weer bevestig deur die verdere voorstel wat hy self op die Grootraad ingedien het en wat die Laertrek aanvaar het, dat die Ossewabrandwag nou moet afstuur op die skepping van 'n nuwe en groter nie-partypolitieke republikeinse beweging. En Donderdagaand het hy daardie geloof van hom opnuut bevestig toe hy met soveel gloed en oortuiging sy offisiere verseker het van die noodsaaklikheid om voort te marsjeer en van die sekerheid dat die republikeinse pad na vore weer breed sal saamloop.

Die spontane hulde-toeroep van die aanwesiges aan die einde van sy toespraak sal ook verteenwoordigend wees van die waardering wat daar dwarsdeur die land gevoel word vir hierdie eerlike en harde republikeinse stryder wat in die laat-middag van sy lewe geen posisie of rykdom kan toon as beloning vir sy stryd nie, maar wat nog steeds gereed staan om te dien waar sy volkspilg hom roep sonder om te vra na prys of resultaat.

Waar hy nou sy waarnemende leierskap neerlê, beteken dit nog nie dat mnr. Smith vir die republikeinse stryd verlore is nie. Sy vurige geloof en die vertroue wat daar in hom gestel word, is daarvoor die waarborg.

# So Lig Hulle Voor

Die Cape Argus van 21 Augustus verlustig hom by voorbaat in die „selflikwidasie" van die Ossewabrandwag, wat deur sy politieke korrespondent voorspel is. As hierdie voorligting wat die blad in sy amptelike kolomme gee ten opsigte van 'n organisasie wat al veertien jaar lank rondom hom is, as proef moet dien van wat deur die Engelse pers in ons land aan hul lesers opgedis word, dan kan mens verstaan waarom die Engelse anti-Indiërs van Natal eerder onder die pro-Indiër-vlerk van Londen wil gaan inkruip as om 'n stem uit te bring vir die anti-Indiër-maatreëls van

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

die Nasionale bewind.

Met die stelligheid van 'n wysgeer word die bewering tot twee maal herhaal dat die (republikeinse) Ossewabrandwag se wapen „'n arend en kroon" is! Dit moet glo as „bewys" dien van die vreemde karakter van hierdie organisasie van 'n volk wat nog nooit 'n kroon in sy geskiedenis geken het anders as simbool van onderdrukking nie! Verdere „bewyse" van die onhebbelikheid van hierdie Afrikanervolksbeweging is die „feit" dat dit gebore is **— nie in Bloemfontein, soos die geskiedenis dit onthou nie** — maar op Dewetsdorp waar 'n stadsklerk glo eenmaal 'n bom onder sy raadslede sou laat ontplof het. Blykbaar kon die Argus hom nie 'n dergelike „Guy Fawkes-insident" in die Vrystaatse hoofstad herinner waaraan hy ons kon koppel nie, sodat hy dus ewe gerieflik die geboorteplek van die beweging verskuif na die plek waar dit sy propaganda beter sal pas.

As die blad sulke fratse moet uithaal om maar net agterdog te wek teen die formele aangeleenthede van die Beweging dan hoef mens natuurlik nie groter noukeurigheid ten opsigte van die O.B. se beleid by hom te verwag nie, en daarom laat ons dit maar daar.

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Verheug van die Laertrek weg*

Lede van die Ossewabrandwag wat die Grootraad en Laertrek in Bloemfontein bygestaan het, het verheug teruggekeer na hulle huise. Ek kan daarvan getuig, want ek was self op die Laertrek en ek het met talle Laergangers gesels na afloop van die verrigtinge.

Myns insiens is die rede vir die blydskap drieledig:

Eerstens, omdat die eenheid van die Ossewabrandwag bewaar is.

Dit het op een stadium gelyk asof dr. Hans van Rensburg se uittrede as K.G. van die O.B. gepaard sou gaan met 'n skeuring in die O.B. Maar dit het nie gebeur nie. Daar is inteendeel eenparig besluit om die poste K.G. en A.K.G. af te skaf en die hele Laertrek kon in 'n goeie gees afskeid neem van die voormalige leier.

Ek het verskeie Laergangers baie aangedaan hoor sê: God het 'n doel met die Ossewabrandwag anders sou ons nie vandag op so 'n wonderbaarlike wyse mekaar se hande hou vas het nie.

Tweedens, omdat vyandskap vir die toekoms uitgeskakel is en die kameraadskap van die verlede herbevestig is. Vanaf die Limpopo tot in Tafelbaai kan alle O.B.-lede nou weer hul lied uitjubel:

„So staan ons vasberade
en gee mekaar die hand
In die Ossewabrandwag
Vir die vryheid van ons
land."

### *O.B.-doelstellings gehandhaaf*

En derdens, omdat die ideale en doelstellings van die Ossewabrandwag suiwer gehandhaaf is en omdat onderneem is deur almal gesamentlik, om dit kragtig te bevorder in die toekoms.

Die Ossewabrandwag gaan voort om te veg vir die Republiek waaruit die partystelsel geban sal wees en waarin die hervormings, wat die O.B. sedert sy ontstaan bepleit, opgeneem sal word. En voorts is onderneem dat ons blad omgebou sal word tot 'n aller-republikeinse blad wat die weg moet voorberei vir die totstandkoming van 'n nuwe en omvangryke — en bowe-al nie-partypolitieke republikeinse beweging.

Ek dink dat Laergangers alle rede het om verheug te wees oor wat op Bloemfontein plaasgevind het. En om as gelowiges die Allerhoogste daarvoor te dank.

### *Vlieg in die Salf*

Maar nou moet ek ongelukkig weer die vlieg in die apteker se salf aanwys. Toe ons wat op Bloemfontein was by ons huise kom en die Nasionale Party se koerante oopmaak en lees wat hulle te berig het oor die gebeurtenisse op die Grootraad en die Laertrek, was ons nie verheug nie, maar verbaas en gruwelik vererg. Die berigte het 'n totaal verkeerde indruk gegee van wat op Bloemfontein plaasgevind het.

As mens moet oordeel na die berigte in die Nasionale Party se koerante sal jy tot die gevolgtrekking moet kom dat die Ossewabrandwag op Bloemfontein besluit het om maar tou op te gooi; om af te wyk van sy partylose koers; en om onder die kombers van die Nasionale Party in te kruip.

Ek weet nie waarom die Nasionale Party se koerante wat gewoond is om soos die graf te swyg oor die Ossewabrandwag, nou skielik weer berigte wat kolomme lank is oor die O.B. gepubliseer het nie. Hulle kon maar liewer hul doodswygbeleid gehandhaaf het in plaas van die misleidende berigte op te dis. Blykbaar het hierdie koerante dr. Hans van Rensburg se toespraak, waarin hy die redes vir sy bedanking as K.G. van die O.B. en sy aansluiting by die Nasionale Party uiteengesit het, aangegryp om die indruk by hulle lesers te skep dat dit nou die weg is wat die O.B. voortaan gaan inslaan.

Enigeen wat die moeite wil doen om die eenparige besluite wat deur die vergrote Laertrek aangeneem is, noukeurig te lees sal baie gou tot die oortuiging kom dat dit hoegenaamd nie die geval is nie.

### *Is Misleiding 'n Aansporing tot Steun?*

Die Vaderland, wat bekend staan as mnr. N. C. Havenga se koerant, en wat hom blykbaar op die voorpunt stel van die vyandiggesindes teen die Ossewabrandwag het waarlikwaar in 'n hoofartikel van 26 Augustus geskryf: „Op 'n geringe minderheid na, het die beweging (dit is die Ossewabrandwag) besluit om sy volmondige steun aan die Nasionale Party te gee."

Dit is nie waar nie. Daar is glad nie sodanige besluit geneem nie — nòg op die Grootraad, nòg op die Laertrek. Trouens, daar is nie eers so 'n voorstel ingedien nie.

Ek is nie voornemens om die misleidende berigte punt vir punt aan te haal en te weerlê nie; die positiewe waarheid omtrent die gebeurtenisse in Bloemfontein, wat in Die O.B. gepubliseer word, doen dit doeltreffender. Ek wil net aan die Nasionale Party se koerante hierdie vraag stel: Dink hulle dat sulke misleidende berigte vir O.B.-lede 'n aansporing is om die Nasionale Party in sy verkiesingstryd te ondersteun?

### *Hy roer die Prosaïese Gees*

Ek wil graag 'n brosjure uit die pen van mnr. Johan Schoeman van Broederstroom, Transvaal by my lesers aanbeveel. Mnr. Schoeman is 'n baie uitgesproke skrywer. Hy is 'n soeker na waarheid en 'n kampvegter vir geregtigheid. Hy skryf gewoonlik oor buitelandse sowel as binnelandse aangeleenthede van 'n politieke aard, en hy stel sy standpunt ondubbelsinnig en onbevreesd, net soos sy oortuiging hom lei. Mnr. Schoeman het die slag om sy lesers nugter wakker te prikkel.

Ek dink dit is die vernaamste doel van mnr. Schoeman se geskrifte — om die selftevredenes en die onnadenkendes wakker te skud en hul prosaïese gees in beroering te bring. Dit is 'n baie belangrike bydrae tot die geestelike omwenteling wat in ons tyd moet plaasvind — indien ons geslag 'n christelike of westerse toekoms wil verseker.

### *Ridder van die Pen*

In my kinderjare het ek graag verhale gelees van die ridders van ouds wat op vurige perde en met skerp swaarde die land deurkruis het om die weerloses en die veronregtes te red uit die kloue van wrede drake. Ek beskou mnr. Schoeman as 'n moderne ridder van die pen wat in die bresse tree vir Waarheid en Geregtigheid teen die moderne drake van misleiding, korrupsie, eie-belang, geveinsdheid, ens.

Mnr. Schoeman se jongste brosjure noem hy: „Small Essays on Big Subjects." Dit is verkrygbaar by die skrywer, Posbus 1, Broederstroom, Pretoria; en dit kos een sjieling per eksemplaar (posvry) of sikspens elk vir vyftig of meer.

Die brosjure bevat o.m. 'n artikel oor die huidige konstitusionele krisis; 'n oproep van die skrywer aan genl. Smuts (in sy leeftyd) en aan die gewete van die wêreld; veldm. Herman Goering se laaste brief aan Churchill; 'n memorandum aan dr. Malan oor hulp aan Duitsland; ens.

Ten slotte wil ek net sê dat sowel die kapitalistiese as die partypolitieke pers nie publisiteit aan mnr. Schoeman en sy geskrifte gee nie. Hy moet maar op sy eentjie sy boodskap aflewer.

### *Aan my Lesers*

Ek kry dikwels briewe van lesers wat nie onderteken is nie. Lesers moet tog asseblief hul naam onderaan hul bydraes teken. Ek moet weet van wie die bydraes kom, selfs al publiseer ek dit onder 'n skuilnaam. Dankie.

# EMPIRE-LANDE MOET REPUBLIEK KEER

**Die konferensie van die Natalse United Front, wat verlede week in Pietermaritzburg gehou is, het eenparig besluit dat 'n oorwinning in die volgende verkiesing die onmiddellike doelwit is van die United Front in Natal. Die Front bestaan uit die Verenigde Party, Arbeidersparty, Torch Commando en Defenders of the Constitution.**

**Die besluit word beskou as 'n oorwinning van die Verenigde Party oor die res van die Front. Dit beteken dat die sogenaamde „wilde" element in Natal wat praatjies gemaak het oor afskeiding van die Unie en selfs oor rebellie beteuel is en dat hulle voortaan oortollige stoom**

(Vervolg op bladsy 4, kol. 2)

# NUWE TREIN LOOP TWEE KEER VINNIGER OP NET EEN SPOOR

**'n Nuwe soort spoorvervoer wat 'n algehele rewolusie te weeg gaan bring en geweldige moontlikhede inhou vir uitgestrekte lande soos Suid-Afrika, gaan hierdie maand in Duitsland aan die wêreld openbaar gemaak word. Dit berus op die beginsel van 'n enkele spoor in plaas van die twee wat nog uit die vorige eeu dateer en nou heeltemal verouderd sal wees. Die nuwe enkelspoortreine sal tweemaal so vinnig as die huidige treine beweeg en sal veel goedkoper wees. Daar word verwag dat die ou spoorstelsels dwarsdeur Europa mettertyd vervang sal word deur die nuwe indien die eerste proefneming wat hierdie maand tussen Köln en Düsseldorf gehou staan te word, aan die verwagtings van die uitvinder en finansier sal voldoen.**

**Die uitvinder is 'n Australiese ingenieur met die naam Chalmers Kearney, wat sy eerste model vier jaar gelede aan die Britse regering getoon het, maar die verroeste gedagtes van daardie partypolitici was nie vatbaar vir die nuwe idee nie, en 'n Sweedse Duitser met die naam Wenner-Gren het met behulp van Duitse tegnici begin om 'n werkende model in Duitsland te bou.**

Toe die uitvinding die eerste maal aan die Britse regering voorgelê is, is die voordele vir Suidelike Afrika aangetoon. Daar is verklaar dat so 'n spoorweg tussen Wankie (Suid-Rhodesië) en Walvisbaai vyftig miljoen ton steenkool per jaar kan vervoer teen 'n koste van 10s. per ton. Die plan is ook aan die Rhodesiese regering voorgelê, maar daar is nooit weer iets van verneem nie.

Die nuwe soort trein is elektries en beweeg op 'n enkele spoor sonder 'n giroskoop, met 'n leibaan in die lug, teen drade wat sestig voet van mekaar aan pale hang. Die leibane vir die op- en neerrit is langs mekaar. Die leibaan bewaar nie net alleen die trein se ewewig nie, maar voorsien ook elektriese krag. Dit is so ontwerp dat die leirat nie van die draad af kan ruk en die onderste wiele nie van die spoor kan afspring nie. Trokke en waens word nie beïnvloed deur ongelyke gewig aan die een of ander kant nie, en daar kan sonder die minste uitwerking stilgehou en weggetrek word teen hellings van 1 in 7, sodat baie bespaar kan word aan uitgrawings en tonnels. **Die vernaamste bate is egter dat die wrywing tussen spoor en wiele verminder word tot slegs eenvyfde van die bestaande tweespoorstelsel. Sydelingse wrywing tussen die wielflense en spoor is feitlik heeltemal uitgeskakel. Dit alles bring mee dat aansienlik minder krag nodig is as vir ander treine, en die bedryfskoste kan baie laer gehou word.**

### VEROUDERDE STELSEL

Wenner-Gren het die nuwe uitvinding aangegryp omdat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat die bestaande spoorwegstelsel hopeloos verouderd geraak het. **Elke ander vorm van vervoer het groot vooruitgang in die afgelope jare gemaak, behalwe die spoorweë.** Die gemiddelde snelheid van die meeste treindienste het eerder gedaal as vermeerder. Lokomotiewe moet nog steeds miljoene ton staal agter hulle aansleep oor miljoene myle per jaar. Koste het gestyg en winste kan moeilik gemaak word, terwyl die bewegingsnelheid baie laag is in vergelyking met ander vervoergeriewe. Hy kon nie sien waarom die spoorweë agter moet staan by die meer doeltreffende lug-, see- en padverkeer nie. Die enkelspoorstelsel het dus dadelik sy verbeelding gepak en hy het die onderneming by Köln van stapel gestuur.

Hierdie eerste proeftrein voorspel 'n rewolusie op die gebied van treinvervoer. **Die model kan twee maal so vinnig beweeg as die vinnigste trein in die wêreld, en is voorsien van veiligheidstoestelle gegrond op elektroniese en radar-beheer. Dit is goedkoop en vereis veel minder staal as die ou spoorweë. Na verwag word sal dit dan ook die grondslag wees vir alle spoordienste in nuut ontginde wêrelddele soos Afrika.**

Dit is interessant om te weet dat Wenner-Gren deur Roosevelt op die swartlys geplaas is na die oorlog weens 'n skerp aanmerking op die Amerikaanse president wat hy hom laat ontval het.

Eienaardig genoeg het die dagbladpers van die wêreld nog geen berig oor hierdie rewolusionêre ontwikkeling bevat nie.

# EISENHOWER DOEN WYSE UITLATING

**Op die jaarkongres van die American Legion, het Dwight Eisenhower, Republikeinse kandidaat vir die Amerikaanse presidentskap, voor 15,000 oud-gediendes wat hom met toejuiging en geesdriftige geskreeu begroet het, verklaar dat die Verenigde State met „koue finaliteit" aan die Sowjet-unie moet sê dat hy die Russiese posisie in Oos-Europa en Asië nooit as blywend sal aanvaar nie. Aan die einde van sy toespraak is Eisenhower stormagtig toegejuig.**

„Wie kan daaraan twyfel dat die Kremlin hom klaar maak vir oorlog, en dat hy 'n oorlog as noodsaaklik vir sy ideaal van wêreldoorheersing beskou? Wie kan daaraan twyfel dat hulle intussen sal voortgaan met hul program van politieke infiltrasie en ekonomiese verwurging?

„Die dag moet kom wanneer die volke van die verslaafde lande die geleentheid sal hê om in volle vryheid en ten aanskoue van die ganse wêreld hul eie toekomspaaie te kies.

### TERUGGEDRUK WORD

**„Meer as dit, ons moet met 'n ewe koue finaliteit aan die Russe sê dat ons nooit tevrede sal wees voordat die moddergolf van aggressiewe kommunisme tot binne sy eie grense teruggerol het nie."**

**Eisenhower het gesê dat die verslaafde volke gehelp moet word om hul vryheid te herwin, want uit die verslaafde volke bou die Russe 'n oorlogsmasjien op, waartoe die Russiese ekonomie op sy eie nie in staat sou wees nie.**

Voortgaande het hy gesê dat die Russe nog nie gereed is vir oorlog nie. Dit beteken dat die Verenigde State ook nog tyd het vir teenmaatreëls. Dit behels, bo en behalwe hulp aan die verslaafde volke, dat Amerika militêr, produktief en ekonomies onaantasbaar sterk gemaak en gehou moet word en dat hy samewerking moet soek met alle vrye volke wat daartoe bereid is.

**Die beleid wat Eisenhower uiteengesit het is lynreg in teenstelling met die beleid van indamming („containment") wat Amerika tot dusver ten opsigte van Rusland gevolg het. Die beleid was om die Russe te laat behou wat hulle het en maar net te keer dat hulle nie meer bykry nie. Nou sê Eisenhower dat hulle moet teruggee wat hulle onwettig besit en padgee na hul eie land. Hierdie beleid sal ongetwyfeld die verset in die lande wat deur Rusland beset word aanwakker en aanspoor tot teenstand teen die Russe. Dit is 'n realistiese beleid wat deur alle anti-kommuniste verwelkom sal word.**

Eisenhower, die soldaat, weet blykbaar dat aanval die beste verdediging is.

# WAS UITGESLUIT DOG STEM SAAM

**Soos Ons Lesers Dit Sien**

**Mnr. J. C. Coetzee, kommandant van die O.B., Leeubosch, Pk. Thabazimbi, skryf:**

Ek sien in Die O.B. dat 'n Laertrek op 22 en 23 Augustus gehou sal word in Bloemfontein, en dat die lede wat daarop toegelaat sal word diegene is wat georganiseer het ooreenkomstig die bevel van die waarnemende leier.

Ongelukkig kon ons dit nie doen nie. Gevolglik sal ons nie toegang hê nie; dus sal ons maar moet wegbly. Maar ek verseker u dat alles wat daar besluit sal word, wat die O.B.-saak sal bevorder, sal ons, hier in die verre noorde, ondersteun.

Die lede wat hier is is nog net sulke troue O.B.'s soos in die verlede. Maar die reorganisasie was onmoontlik omdat die lede so ver van mekaar woon. Ons wêreld is nie so digbewoon nie.

Maar die lede van wie ek skryf is almal mense wat weier om by 'n politieke party aan te sluit. Ek skryf hierdie brief om te wys dat daar nog baie O.B.'s is, wat nie op die Laertrek toegelaat sal word nie omdat hulle nie georganiseer het nie, maar wat nog net so hard vir die O.B. sal veg soos in die verlede.

Ons wens die Laertrek die seën van God toe.

# Blad Beveel Goue Ponde aan

Die gedagte dat die Suid-Afrikaanse regering tot die goudstandaard moet terugkeer deur goue ponde in omloop te bring, word uitgespreek deur die Londense Star. Hy beskou dit as die beste metode om die ware prys vir goud in terme van goedere te verkry.

Die Unie se minister van finansies, mnr. N. C. Havenga, gaan hierdie maand om 'n hoër goudprys pleit by die Internasionale Monetêre Fonds.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

### TE KOOP

Geskiedkundige sportsgeweer, 11.2-mm. Mauser (Sauer) gebruik deur „Fasie" in Sangiro se „Op Safari." Ideaal vir grootwild vanaf koedoe tot olifant. Loop perfek, akkuraat. £55. 200 patrone vir £15. — **Jerling, His Majestys-gebou, Johannesburg.** 27/8/3

### KENNISGEWING

**Aan kamerade en vriende wil ons graag bekend maak dat ons 'n nuwe teekamer in Du Toitskloof geopen het. Alle soorte verversings, asook etes is verkrygbaar.**

MNR. EN MEV. MÖLLER. 20/8/2B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49




*Wonderland vir Reisigers*

## Gaan u op Reis?

**RAADPLEEG DAN DIE DESKUNDIGES!**


Die beste wyse om die grootste voordeel uit u vakansies te haal is om al die lastige besonderhede vooraf haarfyn uit te pluis. En dit is die taak van die S.A.S.-Reisburo. Hulle sal u vervoer na, en akkommodasie in feitlik enige plek te wêreld reël. Hulle sal u van deskundige raad bedien sodat u sorgvry kan vertrek, wetende dat alles in die haak is. Dit kom nie daarop aan of u na Swasieland of Switserland, na die Suidkus van Natal of die Suidkus van Frankryk wil reis nie—u is van dieselfde, deskundige en hoflike diens verseker.

Ook sakelui beplan hul reise oorsee in oorleg met die S.A.S.-Reisburos. Hulle lê hul veral toe op die reëling van passasies, dog deur middel van samewerkende agente dwarsdeur die wêreld, behartig hulle ook hotelakkommodasie sowel as al die bykomende besonderhede.



**KOM TERUG NA SORRENTO**

*na die lemoenboorde, die pragtige kustonele, die sorgvrye vakansielewe. Die hele Italië lok die Suid-Afrikaanse reisiger. Die S.A.S.-Reisburo sal u see- of lugreis na Italië en die res van die Vasteland reël.*



**DIE TUINROETE**

*versamelnaam vir die asemrowende tonele van bosse, berge en die seekus . . . en dit alles slegs 'n hanetreetjie van u af! Die S.A.S.-Reisburo reël volledige toere sowel as vakansies te enige van die talryke oorde langs die Tuinroete.*

Gaan dan eers na die S.A.S.-REISBURO

JOHANNESBURG
KAAPSTAD - DURBAN
PRETORIA - PORT ELIZABETH
OOS-LONDEN - KIMBERLEY - BLOEMFONTEIN - PIETERMARITZBURG - WINDHOEK
BULAWAYO - LOURENCO MARQUES — Indien u nie in die nabyheid van enigeen van hierdie kantore woon nie, sal u Stasiemeester graag navrae namens u behartig.

T*

# KAN VOLK NIE RED MET VERDELENDE STELSEL

**In die loop van sy toespraak verlede Donderdag op Goodwood het die aftredende waarnemende leier, mnr. J. A. Smith, die noodsaaklikheid beklemtoon van 'n organisasie soos die Ossewabrandwag. „As daar ooit 'n tyd aangebreek het dat daar 'n behoefte bestaan aan die dinge waarvoor die O.B. staan, en dat ons moet wegbreek van die Britse stelsel, dan is dit vandag. Een party kan nie die maatreëls tref wat nodig is vir die beveiliging van die blankedom in Afrika nie. Solank 'n party eers 'n ander party moet ondersit voordat hy kan regeer, en die opposisieparty steeds alles moet opponeer, kan 'n regering nie doen wat gedoen moet word nie. Daar is 'n algemene ontwaking dat die partystelsel nie deug nie, en selfs die Torch Commando, hoewel hulle reg teenoor ons staan, is 'n simptoom van hierdie gebrek aan vertroue in die partypolitiek."**

Danksy die moeilikhede van die afgelope maande het die O.B. nou tot 'n punt gekom waarna baie geruime tyd al uitgesien het — die verandering van sy organisasievorm. Die deur is nou oopgemaak dat ons op grondslag van 'n nie-partypolitieke organisasie meer mense kan kry om saam te werk vir ons ideale. Die republikeinse blad gaan die brug vorm na die meer omvattende republikeinse beweging, deurdat hy verhef gaan word tot die algemene republikeinse mondstuk. **Ná die Laertrek het etlike persone wat spreker baie sterk teengestaan het, na hom gekom en gesê dat ons koers reg is en dat hulle nou gaan organiseer. Hulle wou weet waarheen om die name te stuur. Die sentrale kantoor sal hier in Kaapstad moet wees waar die blad uitgegee word en waar die enigste voltydse kantore vandag is.**

### VERWAGTINGS GEWEK

Die lede van die Ossewabrandwag moet voortmarsjeer na ons bestemming. Spreker is gedagtig aan die baie Afrikaners wat in die gewone samelewing uitgeskuif was omdat hulle te arm is, wat binne die O.B. hul plek vol gestaan het en as offisiere oor sosiaal-meerderes bevel gevoer het. **„Ek dink aan die verwagtende oë wat na die verhoog opgehef was van hulle wat geglo het dat wat ons daar preek, eendag verwesenlik sal word. Ek het die opofferings gesien wat daarmee gepaard gegaan het. Die hoop wat gewek is, moet verwesenlik word, anders sal God ons straf."**

„Wat myself betref," het mnr. Smith gesê, „ek lê nou my waarnemende leierskap neer, maar niks anders as die dood kan my van julle skei nie. My plig en jul plig en my verantwoordelikheid en julle verantwoordelikheid bly dieselfde ongeag wie aan die stuur sit.

### ONVERSOENBAAR

„Persoonlik is die lidmaatskap van 'n party en die strewe van die Ossewabrandwag vir my twee onversoenbare dinge want 'n mens kan nie tegelyk aan twee teenstrydige dinge behoort nie. **Ek is wel bereid om my steun aan 'n party te gee waar hy iets doen wat van tydelike belang vir ons volk mag wees, maar dan doen ek dit as 'n ongebonde man wat terselfdertyd vry is om te ywer vir die enigste duursame oplossing, wat ek net kan sien in 'n stelsel waar die volk as geheel kan saamwerk en nie gedwing word om teen mekaar te veg net omdat die grondwet dit vereis nie.**

„Ons het 'n eed geneem om te stry vir die broederskap van die volk, en u doen dit nie wanneer u aan partye behoort wat ander volksgenote moet beveg nie."

### DANK

Nadat mnr. Smith gepraat het, het die offisiere hom drie keer luid hulde toegeroep. Mnr. Hennie du Toit (hoofgeneraal) het namens die offisiere sy dank uitgespreek teenoor die leiers. Vir dr. Van Zyl het hy nog meer agting gekry vir wat hy op die Laertrek gedoen het. Hy weet dat hy geen politieke ambisies het nie, en daarom vertrou hy hom in die toekoms. Wat mnr. Smith betref, wonder hy of die offisiere ooit weet hoeveel hy in belang van die O.B. opgeoffer het. „Vir my sal hy nog altyd generaal bly."

**Mnr. Du Toit het 'n beroep op almal gedoen om nou fondse in te samel so hard as hulle kan.**

## REPUBLIEK AL UITWEG

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**samestellende deel van die Unie se parlement. As gevolg van die verval van 'n deel van die parlement hou hy op om te bestaan in terme van die tansbestaande grondwet van die Unie.**

**Dit beteken dat sodra Suid-Afrika 'n republiek word moet hy 'n nuwe republikeinse grondwet kry. En in die nuwe grondwet kan voorsiening gemaak word vir die toelaatbaarheid van stappe om die blanke se heerskappy en toekoms in sy vaderland te beveilig.**

Dit alles kan gedoen word op konstitusionele en wettige wyse. Dis die regering se enigste oplossing. Waarom doen die regering dit nie?

### NOU TYD VIR REPUBLIEK

Selfs al sou die regering na die volk gaan deur 'n verkiesing uit te skryf dan nog sal hy niks wen nie. Want selfs al wen hy die verkiesing, sal hy nie teruggestuur word na die parlement met 'n twee-derde meerderheid nie. **En sonder 'n twee-derde meerderheid kan die regering ook maar nie sy kleurwetgewing konstitusioneel deurvoer nie.**

**Net die Republiek bly oor.**

Waarom gaan die regering nie na die volk nie en sê vir hulle: **As ek die blanke heerskappy in Suid-Afrika wil beveilig en ek wil konstitusioneel optree, dan moet ek nou 'n republiek uitroep. Dit is eerlik en konstitusioneel.** En elke blankbewuste burger en burgeres van ons land sal dit verstaan en die regering ondersteun.

Waarom doen die regering dit nie?

**Die tyd vir die republiek is nou.**

## Empire-Lande

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

**gaan afblaas in die Verenigde Party se verkiesingstryd om die landsbewind in die hande te kry.** Blykbaar as 'n toegewing aan hulle is egter verder besluit om 'n komitee aan te stel, bestaande uit drie verteenwoordigers elk van die samestellende organisasies van die Front om ondersoek in te stel en verslag uit te bring oor die beste metode om die Suid-Afrika-wet te herbevestig en sy kernbepalinge te verskans.

Die toesprake wat sommige afgevaardigdes op die konferensie gelewer het, het in die begin nie laat hoop op sulke matige besluite nie, en ook nie dat dit eenparig aangeneem sou word nie.

### WEG VAN INDIË

Senator Heaton Nicholls, een van die leiers van die Defenders of the Constitution het blyke gegee dat hy eintlik 'n Defender of the British Empire genoem moet word. Hy het gesê dat as 'n republiek in Suid-Afrika tot stand kom dit sal lei tot die spoedige vernietiging van blank Suid-Afrika. Hy het gewaarsku dat die regeringsparty deur alle moontlike „ede" verbind is om die weg van Indië te volg. (Die weg van Indië lei na 'n republiek binne die Britse Statebond. — Red., O.B.)

Hy het 'n plan aan die hand gedoen om te voorkom dat so 'n republiek uitgeroep word: Die Natalse Provinsiale Raad of 'n ander liggaam verteenwoordigend van die burgers van Natal moet opdrag kry om, indien die Regering so 'n voorstel op 'n konferensie van eerste ministers van die Britse Statebond doen, aan die ander lande van die Statebond te kenne te gee dat Natal dit hoegenaamd nie verlang nie. Hy is daarvan oortuig dat die ander Britse Statebondslande Natal nie in 'n republiek sal dwing nie.

### GEEN VETO

**Senator Nicholls het blykbaar vergeet dat dit volkome konstitusioneel is vir die parlement om met 'n gewone meerderheid in die Volksraad en die Senaat die Unie van Suid-Afrika om te skep in 'n republiek. Ander Britse Statebondslande het nie die veto-reg om dit te belet nie— nog minder het Natal daardie veto-reg.**

Moet Senator Nicholls en diegene wat soos hy dink nie liewer, as nugtere manne en vroue, die konstitusionele posisie aanvaar en hulle mede-Afrikaners help om 'n republiek te verkry nie? Want dan sal hulle tog minstens mede-seggenskap hê by die opstelling van die toekomstige republikeinse grondwet en dan kan hulle help om bepalings daarin te verskans wat die heerskappy en beskawing van die witman in ons land vir toekomstige geslagte beveilig.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## ALMAL NOU SAAM

(Vervolg van bladsy 1, kolom 4)

**verwelkom, waarna dr. Van Zyl op versoek van die voorsitter die voorstel voorgelees het. Dit is onmiddellik en sonder bespreking as besluit van die hele vergadering voorgestel deur dr. C. L. de Jager van Pretoria, gesekondeer deur mnre. P. R. Retief van Ceres en J. de Villiers Truter van Kaapstad.**

### EENPARIG

Die voorstel, soos reeds gepubliseer in ons blad, is eenparig en staande aangeneem deur die hele uitgebreide Laertrek. **Dit beteken dat almal wat op daardie oomblik teenwoordig was — wettige afgevaardigdes sowel as die ander — eenstemmig die beleid van die Ossewabrandwag aanvaar het soos deur die Grootraad neergelê is.** Daar is slegs 'n wysiging aan die Grootraadsbesluit aangebring ten opsigte van die samestelling van die verkleinde Grootraad sodat daar uitdruklik voorsiening gemaak word vir verteenwoordiging aan die Noordelikes.

Die toespraak van dr. Van Rensburg, wat so prominent in die koerante verskyn het, was nie die beleid wat deur die Laertrek in sy uitgebreide vorm aanvaar is nie. **Die Grootraad se beleid is aanvaar, wat in geen enkele opsig afwyk van die koers wat in die afgelope twaalf jaar gevolg is nie.**

### BETEKENIS VAN BESLUITE

In die eerste plaas word lede toegelaat om na eie keuse by 'n party — die Nasionale Party — aan te sluit. Dit is ou beleid, want nog nooit het die O.B. enige lid belet om aan die Nasionale of enige ander party te behoort nie. Ons het altyd gesê dat ons geen belangstelling het in 'n persoon se partylidmaatskap nie, solank hy die koers van die O.B. volg. **Ons houding bly nog onveranderd, en daarom staan dit enige lid van die Nasionale Party vry om sy krag by die O.B. in te werp en te ywer vir die verkryging van ons Republiek op eie Afrikaanse grondslag. In Bloemfontein is die deur dus opnuut oopgehou vir ons republikeinse vriende binne die party om by ons aan te sluit en ons hande sterk te maak in belang van die republiek.**

### REPUBLIKEINSE BEWEGING

Verder is besluit dat die Grootraad moet aftree op die skepping van 'n omvattende republikeinse beweging op nie-partypolitieke grondslag, en dat kragtige propaganda gemaak moet word vir die ideaal van 'n partylose republiek op die grondslag van die Transvaalse Republiek. Vir die doel sal alle kragte verenig word rondom 'n republikeinse blad wat as mondstuk vir die republikeinse Afrikanerdom sal optree. Hierdie is ons eerste stap na die skepping van daardie front. **Die blad moet die brug vorm na die nuwe organisasie, deur dat soveel republikeine — binne en buite die party en die O.B. — as moontlik rondom die blad saamgeskakel word. Daarom is dit een van die belangrikste take van elke O.B.-lid om soveel rekrute as moontlik te werf en om veral die nodige fondse in te samel sodat ons 'n sterk en lewenskragtige republikeinse orgaan kan opbou.**

### EENSTEMMIGHEID

Waar daar nou eenstemmigheid tussen alle O.B.-lede is oor ons toekoms buite die party en ons beleid kan ons met soveel meer selfvertroue organiseer. Die O.B.-organisasie bly bestaan tot tyd en wyl ons oorgaan tot die nuwe beweging. Die Laertrek in Bloemfontein het getoon dat daar geen diepgaande verskille tussen O.B. en O.B. is nie. Ons koppe staan in een rigting — naamlik die onvervalste koers waarvoor ons oor al die jare soveel opgeoffer het, die koers na ons volkseie republiek, geskoei op die lees van ons eie tradisie, en nie op die lees van die Britse veroweraar nie.

**En laat ek baie duidelik beklemtoon dat daardie stelsel op waaragtige volksregering sal berus en nie op partyregering nie. Ons is net so gekant teen die partydiktatuur van die eenpartystelsel soos dit in sommige Europese state gesien het, as teen die koukusdiktatuur van die tweepartystelsel soos ons dit hier en in BRITTANJE ken.**


Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind — by Sanlam

**Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM**

# O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

**Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg**

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

# BRILLE

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

GEHOORAPPARAAT

OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

**Besoek ons of skryf om besonderhede**